

# Tegnologie help boere met naspeurbaarheid

Allflex SA wil vanjaar op die LRF-Veeskool aan vleisbeesboere demonstreer hoe 'n robuuste, praktiese elektroniese identifikaasiesistelsel op die plaas boere kan help om die basiese beginsels van veeboerdery deurgaans korrek toe te pas.

**N**uwe toepassings, stelsels of tegnologiese deurbrake wat 'n boerdery kan help om die volgende vlak te bereik, word daaglik bekend gestel. Die voortdurende strewe na verbetering en vooruitgang stel duisende boere in staat om hul boerdery te optimaliseer en vaartbelyn te maak.

Niemand moet egter vergeet waarmee hulle werklik besig is nie, naamlik om te boer en die basiese beginsels reg toe te pas. Gevolglik glo die span by Allflex Livestock Intelligence dat 2020 se tema vir die LRF-Veeskool, Terug na die basiese beginsels, baie gepas is.

Op verlede jaar se veeskool het Allflex Suid-Afrika sy nuutste SenseHub-beesmoniteringstelsel aan boere bekend gestel. Dit is 'n gevorderde moniteringstelsel wat 'n oorplaatjiesensor met gevorderde algoritmes gebruik. Dit maak dit vir boere moontlik om die reproduksie (onder meer hitte-aktiwiteit) en gesondheid van beeste intyds te monitor deur herkouing, vreettyd en ander aktiwiteite te meet.

Vanjaar val die klem weer op basiese beginsels wat nog altyd sinoniem was met die Allflex-handelsmerk, naamlik akkurate identifikaasie van individuele diere met behulp van elektroniese identifikaasie-oorplaatjies (EID).

Allflex boer al jare lank in vennootskap met bees- en skaapboere om te verseker hul ondernemings bly suksesvol, kan aanslae oorleef en is toegespits op groei en wins. Een van die belangrikste komponente van 'n volhoubare, suksesvolle boer-



dery is die vermoë om die basiese dinge reg te kry en dit oor 'n lang tydperk konsekwent te doen en te meet.

Boere moet dus individuele diere akkuraat kan identifiseer en dadelik toegang hê tot aantekening en die lewensgeskiedenis (mediese, reproduksie- en produksiedata) van elke dier op die plaas. Allflex se laefrekwen-sie-EID-oorplaatjies is 'n kommersiële, beproefde hulpmiddel wat al miljoene veeboere wêreldwyd gehelp het om presisiebestuur in hul vee-ondernemings in werking te stel en toe te pas.

Akkuraatheid van individuele identifikaasie is noodsaaklik vir data-integriteit en presisiebestuur. Maklike integrasie met verskillende weegtoestelle deur die individuele dier se gewig dadelik van die skaal af aan daardie dier se unieke EID-nummer toe te ken, skakel die moontlikheid van menslike foute uit.

Presisiebestuur word verder verbeter deur EID-oorplaatjies te gebruik wat met verskillende outomatiese weeg- en sorteerhektuering geïntegreer is.

Allflex se bekostigbare reeks EID-skandeerders kan lys te

**BO:** 'n Gevorderde moniteringstelsel help boere om reproduksie en gesondheid intyds te monitor. FOTO'S: ALLFLEX

**INLAS:** Mnr. Steffan Coetzee



tot op die verbruiker se bord.

Allflex sal ook meer besonderhede verstrek oor 'n opwindende naspeurbaarheids-en-sertifiseringsprojek waarvan hy deel gaan wees. Dit word in die komende 2020-kalf tyd van stapel gestuur met die samewerking van MSD Diergesondheid en een van Suid-Afrika se voorste voerkrale.

Dié projek het ten doel om 'n volledige naspeurbaarheids-, voorafkondisionerings- en gesondheidsertifiseringskema in werking te stel. Dit word deur MSD bestuur in vennootskap met uitgesoekte plaaslike veeartse en kalfprodusente.

Die doel van die projek is om die gesondheidsstatus van elke kalf wat deur die skema beweeg, te sertifiseer om te verseker dat kalwers afkomstig is van plase waar ál die basiese dinge reg gedoen is, soos om aan die minimum vereistes van 'n spesifieke medisyne-en-inentingsprotokol te voldoen. Die kalwers sal met Allflex se peuterbestande 15-syfer-laefrekwen-sie-EID-oorplaatjies geïdentifiseer word.

Allflex is trots daarop om deel van dié inisiatief te wees, en sien uit daarna om boere meer hieroor te vertel. **LBW**

*Mnr. Steffan Coetzee is tegniese raadgever vir monitering by Allflex SA.*

➤ NAVRAE: Mnr. Steffan Coetzee, e-pos: [steffan@allflexsa.com](mailto:steffan@allflexsa.com), 066 485 1779; web: [www.allflexsa.com](http://www.allflexsa.com)